## 13 September - RAMSHORING

**Skrifgedeelte: Esegiël 33: 1-11**
**Fokusgedeelte: Esegiël 33:2-6**

Wanneer iemand wat as wag aangestel is, die vyand sien aankom, moes hy op die ramshoring blaas. Dit was die waarskuwing dat die vyand op pad is. Blaas die wag nié, is hy skuldig aan almal wat sterf, se dood. Blaas hy wél en die volk luister nie, is elkeen self verantwoordelik vir sy eie dood.

Hierdie gelykenis sny na twee kante toe. Die profeet moes homself afvra: Het hy die volk gewaarsku soos die Here hom beveel het? Hy moes hom voor die Here verantwoord. Die volk in ballingskap moes op hulle beurt terugdink aan die waarskuwingsboodskap van die Here wat Hy oor baie jare deur baie profete aan hulle laat verkondig het.

Die volk het hulle skuld erken en, as gevolg van hulle skuld, geen toekoms vir hulleself gesien nie (vs 10).

Die blaas van die ramshoring is egter nie bedoel om te veroordeel nie, maar om die volk te red.

Die verbondsgenade van die Here oor sy volk word duidelik in vers 11. Die Here sê: *"Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie. Ek wil hê hy moet van sy sonde afsien en lewe."* En dan volg die oproep: *"Bekeer julle en lewe!"*

Die blaas van die ramshoring is dus 'n reddingsdaad, 'n liefdesdaad, 'n genadedaad en 'n oproep tot lewe uit die dood. Daar is dus hoop, en dit is vandag nog so, want Christus het die nuwe lewe gebring toe Hy aan die kruis vir ons sondes versoening gedoen het en uit die dood opgestaan het.

Daarom is daar ook hoop vir geesvervulde bedienaars van die Woord wat voortdurend die oproep duidelik laat hoor: "Bekeer julle en lewe!" Daar is ook hoop vir geesvervulde hoorders wat luister na die Woord en hulle bekeer.

*Sing: Psalm 89:6* *Ds JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)*